

Die geloof van Abel, Henog en Noag (OP105)

Heb 11:4-7

16 Oktober 2022

In Heb 10 het ons geleer dat ons moet volhard sodat ons nie die vrymoedigheid om in die Allerheiligste van die ware tabernakel te mag ingaan, sal prysgee nie. Dit beteken dat ons moet volhard in die geloof, want dit is juis deur die geloof dat die gelowige sal lewe. In Heb 11 hanteer die skrywer gevolglik die vraag: Wat is geloof? Laasweek het ons na die funksionele definisie van geloof in Heb 11:1-3 gekyk. Uit hierdie definisie is dit duidelik dat geloof vier rolle of funksies vervul in die lewe van 'n gelowige: (1) Geloof gee sekerheid oor die dinge wat gelowiges hoop, dus die dinge wat God belof het en waarvan die vervulling steeds in die toekoms lê. (2) Geloof is 'n bewys van die dinge wat nie gesien kan word nie, dus die geestelike dinge waarvan gelowiges oortuig is, maar ongelowiges nie sien nie. (3) Deur geloof ontvang gelowiges lof van God. Wanneer gelowiges glo, doen hulle die goeie werke wat God vir hulle voorberei het om te doen, en gevolglik ontvang hulle lof van God. (4) Deur geloof verstaan gelowiges dinge wat ongelowiges nie verstaan nie, omdat God dit aan hulle sigbaar maak.

Die res van Heb 11 beskryf vir ons verskeie voorbeelde van gelowiges in die Ou Testament. Die skrywer wil hierdie Ou Testamentiese gelowiges gebruik as voorbeelde waaruit ons kan leer hoe die rolle van hulle geloof in die praktyk uitgewerk het in hulle lewens. Deur dit te bestudeer kan ons dus op 'n praktiese manier leer wat die gevolg is van geloof. Ek wil vandag stilstaan by die eerste drie voorbeelde van sulke gelowiges in Heb 11:4-7. Die drie persone waarna ons dus vandag gaan kyk, is Abel, Henog en Noag. Abel word in vers 4 beskryf, Henog in vers 5 en Noag in vers 7.

Heb 11:6

Voordat ons egter na hierdie drie voorbeelde kyk, wil ek eers aandag gee aan vers 6. Lees Heb 11:6. Die stelling wat in vers 6 gemaak word, is algemeen geldend. Dit is waar vir Abel, Henog en Noag – maar meer nog: dit is waar vir alle gelowiges, insluitend onself. Vers 6 begin met die stelling dat dit sonder geloof onmoontlik is om God te behaag, oftewel dit is onmoontlik om te doen wat God wil. Dit herinner natuurlik aan vers 2 wat gesê het dat vanweë hulle geloof word daar met lof oor gelowiges getuig. Laasweek het ons gesien dit is juis God wat met lof oor hulle getuig. Ons het laasweek na Ef 2:8-10 gekyk waaruit dit duidelik was dat gelowiges nie net gered word deur hulle geloof nie, maar ook dat God vir die gelowiges goeie werke voorberei het wat hulle moet doen. En dit is juis as gelowiges hierdie werke doen, dat hulle lof van God ontvang.

Kom ons dink nog bietjie verder hieroor. Ons leer hier: sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Dit laat die vraag ontstaan: Wat behaag God? Nou, ons het al verskeie kere in die verlede daarvoor gepraat: God se oorkoepelende doel is dat die aarde gevul moet word met Sy heerlikheid. Dit impliseer dat die aarde gevul moet word met mense, en dat daardie mense God moet erken as God, en as die Een wat waardig is om aanbid te word. Dit impliseer dat God Hom aan hierdie mense sigbaar moet maak, sodat hulle tot die besef kan kom dat Hy aanbiddenswaardig is. Laasweek het ons gesien dit is presies wat God besig is om te doen. Soos wat hy geleidelik die fisiese skepping sigbaar gemaak het gedurende die skeppingsweek, so is Hy besig om Homself en Sy raadsplan al hoe sigbaarder te maak met verloop van tyd. Ons het ook laasweek gesien dat geloof 'n kardinale rol hierin speel – want dit is deur hulle geloof dat gelowiges onsigbare dinge kan sien, dit is deur hulle geloof dat hulle al hoe meer God se heerlikheid kan sien. Dit is as hulle hierdie heerlikheid van God in die geloof sien, dat hulle oortuig word dat Hy bestaan, en dat Hy aanbiddenswaardig is. Dit is dan dat hulle die goeie werke wat God vir hulle voorberei het om te doen, doen. En dit is as hulle hierdie

goeie werke doen, dat hulle God behaag. Daarom kan vers 6 sê: sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Daarom kan vers 6 ook byvoeg: “want wie tot God nader, moet oortuig wees dat Hy bestaan”. Dit is tog as gelowiges God in die geloof sien, dat hulle oortuig word dat Hy bestaan – geloof laat gelowiges tog die dinge sien wat andersins nie gesien kan word nie.

Maar vers 6 voeg nog iets by: Nie net glo gelowiges dat God bestaan nie, hulle glo ook dat Hy dié beloon wat Hom soek. Dit is natuurlik in lyn met vers 1a, waar ons geleer het dat geloof sekerheid gee oor die dinge wat gelowiges hoop, en hierdie hoop sluit sekerlik die beloning in wat vir gelowiges wag. Onthou nou: ons het gesien God is besig om Homself al meer sigbaar te maak, veral aan gelowiges deur hulle geloof. Hulle geloof loop egter hand aan hand met beloning waarna hulle mag uitsien. Hoekom is daar beloning gekoppel aan hulle geloof? Want dit is hoe God is. In hierdie beloning wat hulle kan verwag, word God nog meer sigbaar. Ons het al baie keer gesê die beloning hou ander andere in dat hulle in die Allerheiligste van die ware tabernakel mag ingaan. Hoekom juis daar? Want dit is waar God is. Dit is waar hulle God sal sien soos hulle Hom nog nooit vantevore gesien het nie. Selfs die beloning wat gelowiges kan verwag, is steeds ‘n deel van God wat Homself sigbaar maak, trouens dit is die klimaks van Homself sigbaar maak. Daar is verskeie aspekte aan die loon, maar ten diepste is die loon: hulle mag God sien, soos Hy werklik is.

Daar word soms ‘n besorgdheid uitgespreek dat gelowiges nie te veel klem moet lê op die beloning nie, want dit hou kwansuis die gevaar in dat hulle net sal glo om die loon te ontvang, dit hou glo die gevaar in dat hulle die loon wil verdien deur te glo. Ek is oortuig die besorgdheid is ongegrond: Onthou die pad na die beloning toe: God skenk aan die gelowige geloof sodat hy kan sien, God skenk aan die gelowige voorbereide goeie werke, as die gelowige die goeie werke doen, skenk God aan die gelowige lof, en dan skenk God aan hom die beloning – wat ten diepste is om God te mag sien, wat juis is waarin God behaag het. Die punt is: God skenk alles – die geloof, die goeie werke, Sy lof en die beloning. Daar is geen manier waarop ware geloof, wat ‘n geskenk van God is, ‘n manier kan word waarop gelowiges die beloning wil verdien nie – die geloof kom nie uit hulleself nie, God skenk dit.

As ons vers 6 in gedagte hou, behoort daar dus ten minste drie dinge te wees wat ons by gelowiges kan sien: (1) hulle moet oortuig wees God bestaan, (2) hulle moet God behaag, en (3) hulle moet die verwagting van ‘n beloning hê. Kom ons kyk of dit waar was van Abel, Henog en Noag.

Geloof van Abel (Heb 11:4)

Lees Heb 11:4. Ons leer ook meer van Abel uit Gen 4:3-6. Kom ons lees dit ook.

Die feit dat ons hoegenaamd lees dat Abel ‘n offer gebring het, is nogal verrassend. Ding daaraan: die eerste ding wat ons in die Bybel lees na die sondeval en alles wat daarmee saamgegaan het in Gen 3, is dat Abel (en Kain – ek sal later meer oor Kain sê) offers gebring het. Ons lees nêrens dat dit ‘n opdrag van die Here was nie. Dit is natuurlik so dat die Bybel nie ‘n volledige beskrywing van die geskiedenis is nie – dit kan gevolglik wees dat God tussen Gen 3 en 4 ‘n opdrag gegee het dat hulle offers moes bring. Ons weet eenvoudig nie. Dink verder daaraan: Kain en Abel was nie teenwoordig met die sondeval in die paradys nie. Hulle was nie teenwoordig toe God Sy uitsprake na die sondeval gegee het nie. Maar ons kan met redelike sekerheid aanvaar Adam en Eva het vir hulle daarvan vertel. Ons weet Kain was ‘n landbouer, en Abel ‘n veeboer. As boere moes hulle tog die swaarkry, wat die gevolg van die sonde was, in hulle boerdery ervaar het. En Adam en Eva moes tog vir hulle verduidelik het waar dit vandaan kom. En dan het hulle tog sekerlik ook aan hulle verduidelik dat daar Een uit die nageslag van Eva sou kom wat die kop van die slang sal vermorsel. Nou lees ons in Heb 11:4 dat Abel geglo het. Hy moes dus uit wat Adam en Eva hom vertel het, en uit wat hy self waargeneem en ervaar het, tot die oortuiging gekom het dat God wel bestaan. Hy moes so oortuig

gewees het hiervan, dat hy selfs 'n offer gebring het. En die offer wat hy gebring het, was nie maar net 'n offer nie: dit was 'n indrukwekkende offer. Heb 11:4 sê sy offer was beter as Kain se offer. Gen 4:4 sê sy offer was uit die eersgeborenes van sy kleinvee, hy het hulle vet aan die Here geoffer. Gen 4:4 sê die Here het Abel en sy offer met guns beskou, m.a.w. Abel het God behaag. Sien jy twee van die drie dinge waarvan vers 6 praat, by Abel: Hy was oortuig God het bestaan. Hy het God behaag. Dus kan Heb 11:4 met reg sê: Abel het geglo. Die feit dat Abel 'n offer gebring het wat God behaag het, het bewys hy het geglo.

Kom ons dink vir 'n oomblik oor Kain. Kain het ook geoffer, volgens Gen 4:3 – hy het 'n offer van die vrug van die grond gebring, dus 'n offer uit sy landbou aktiwiteite. Gen 4:5 sê egter dat die Here nie vir Kain en sy offer met guns beskou het nie. Hoekom nie? Daar is sommige kommentatore wat redeneer dit was omdat Kain uit sy landbouprodukte 'n offer gebring het, terwyl Abel uit sy veeboerdery 'n offer gebring het. Gevolglik was Abel se offer geassosieer met bloed, en Kain s'n nie. Ek is nie oortuig dit is die rede nie – immers was beide landbouer en veeboer 'n verantwoordelike manier om God se opdrag om te heers oor die skepping na te kom. En boonop was daar later ook voorskrifte vir offers wat uit landbouprodukte aan die Here gebring moes word. Ek dink die verduideliking lê elders: In Heb 11:4 het ons gesien Abel het sy offer in die geloof gebring. Vergelyk dit met Gen 4:6-7. Lees dit weer. Hier oordeel die Here dat Kain nie goed gedoen het nie – waarskynlik ook nie toe hy sy offer gebring het nie. Iets hiervan word duidelik in Gen 4:3 waar die offer van Kain beskryf word: Ons lees net: hy het van die vrug van die grond geoffer. Vergelyk dit met Abel: hy het van sy eerstelinge geoffer. Vergelyk dit met die voorskrifte wat later gegee is: dat die volk van die eerstelinge van hulle oes aan die Here moes gee. Dit lyk nie of dit was wat Kain gedoen het nie. Dit lyk of hy tevrede was solank hy maar net geoffer het. Hy was dus nie oortuig om die beste aan God te offer nie. Maar ten diepste, hy het nie in die geloof geoffer nie. En soos Heb:6 sê: Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. In Gen 4 het ons dus al die eerste voorbeeld van iemand wat God formalisties gedien het, en gedink het dit is goed genoeg.

Maar kom ons keer terug na Abel. Abel was oortuig God het bestaan, en hy het God behaag met sy offer. Was daar sprake van beloning vir Abel? Heb 11:4 sê die beloning wat Abel ontvang het, was dat God oor hom getuig het dat Hy regverdig was. Wat beteken dit om geregverdig te wees? Lees Rom 3:25-26 – “God het Hom (d.i. Jesus), deur Sy bloed, daargestel as versoeningsoffer wat deur die geloof verkry word, as bewys van sy geregtigheid; want so het Hy in Sy verdraagsaamheid die sondes wat voorheen gedoen is, oorgesien. Hy het Sy geregtigheid in die huidige tyd bewys om so regverdig te wees, en die wat in Jesus glo, regverdig te verklaar.” Gelowiges word geregverdig deur geloof in Jesus se versoeningsoffer. Hulle word geregverdig deurdat hulle sondeskuld aan Jesus toegereken word, en Sy geregtigheid aan hulle toegereken word. Dit is waar van almal wat glo.

Maar nou kan jy sê: Abel het net na die sondeval geleef – eeue voor Christus gekom het en geregtigheid kom bewerk het. Hoe kan dit wees dat Abel geregverdig is deur sy geloof? Rom 3:25-26 gee die antwoord: God het in Sy verdraagsaamheid die sondes van mense soos Abel tydelik oorgesien – totdat Jesus die geregtigheid kom bewerk het. Jesus het eeue later ook vir Abel geregtigheid kom bewerk. Maar Abel was reeds eeue vantevore geregverdig, want daar was geen kwessie of Jesus wel sou kom nie, en in die geloof was Abel seker van die dinge wat hy gehoop het – insluitend dat die Een uit die nageslag van die vrou wel eventueel ook vir hom geregtigheid sou bewerk.

Geliefdes! Ek hoop jy sien die wonder raak: In Gen 3 leer ons van die sondeval, maar genadiglik ook van die belofte van die Een wat sou kom. Die eerste insident waarvan die Bybel ons vertel na die sondevalgebeure, is dat Abel deur geloof geregverdig is! Ja, dit is so, ons moet Heb 11 se lig laat skyn op Gen 4 om dit te sien – maar die feit van die saak is dat regverdigmaking deur geloof reeds in Gen

4, direk na die sondeval, direk na God se belofte van die komende Saligmaker, effektief aan die werk is! Dit is verstommend. En dit is vandag steeds effektief aan die werk!

Heb 11:4 sê deur geloof praat Abel steeds, al het hy gesterf. Abel getuig steeds van hierdie heerlike realiteit. Hier is ons in 2022 en staan verstom oor dit wat ons leer uit die lewe en die geloof van Abel. Maar miskien moet ons meer in hierdie stelling lees – immers is dit in beginsel waar van al die Ou Testamentiese gelowiges dat hulle steeds vandag getuie is aan ons lewer, maar dit word pertinent gesê dat Abel steeds getuig. Die manier waarop Abel gesterf het, getuig egter ook op 'n besondere manier deurdat hy daarin 'n tipe was van Jesus. Abel is deur Kain doodgemaak – Kain, sy broer, die persoon wat Abel moes liefhê, boonop die persoon wat voorgegee het hy dien die Here deurdat hy geoffer het, maar Kain het egter nie werklik geglo nie. Hierin was Abel 'n tipe van Jesus – wat ook doodgemaak is, deur die Jode, die mense wat Hom juis moes omhels as hulle Saligmaker, die mense wat voorgegee het hulle dien die Here, maar hulle het nie werklik geglo nie.

Die geloof van Henog (Heb 11:5)

Lees Heb 11:5. Lees ook Gen 5:21-23.

Ons weet relatief min van Henog. Uit Gen 5 se geslagsregister is dit duidelik Henog was 'n nasaat uit die nageslag van Adam, en meer spesifiek uit die nageslag van Set, wat gebore is na die dood van Abel. Henog was ook 'n voorouer van Noag. Ons weet hy het naby God geleef, en op 'n ouderdom van 365 jaar is hy deur die Here weggeneem. Hy het nie gesterf nie, maar is lewend deur die Here weggeneem. Nou, uit die detail van die geslagsregister kan jy die sommetjie gaan maak: Henog is deur die Here weggeneem 69 jaar voor Noag gebore is. Ons weet dat in die tyd van Noag was die mensdom boos. Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat die boosheid alreeds erg moes wees in die tyd toe Henog geleef het. Nogtans, het Henog naby God geleef.

Kom ons vergelyk Henog met daardie drie dinge wat ons van geloof in vers 6 geleer het: Het Henog God behaag? Ja, sekerlik, hy het naby God geleef. Die laaste gedeelte van Heb 11:5 sê: “Want voordat hy weggeneem is, is van hom getuig dat hy God behaag het.” Dis tog duidelik. Het Henog geglo dat God bestaan? Ja, sekerlik, ander sou hy tog nie teen die stroom van goddeloosheid van sy tyd volgehou het om naby God te leef nie. Wat was die beloning wat Henog ontvang het? Hy het nie fisies gesterf nie, maar is deur God weggeneem.

Onthou nou: dood is die gevolg van die sonde – natuurlik veral geestelike dood, maar ook die fisiese dood. Henog was natuurlik ook 'n sondige mens, al was hy baie minder sondig as die tipiese mens van sy tyd. Van nature was hy dus ook geestelik dood, en het die verwagting gehad om fisies te sterf. Maar, vanweë sy geloof (wat God geskenk het), het hy naby God geleef (dit was die goeie werke wat God vir Henog voorberei het), daarom is hy geregverdig (soos wat ons gesien het waar was Abel, en waar is van alle gelowiges), omdat hy geregverdig is, het hy ook die verwagting gehad om die tweede dood te ontkom as deel van God se beloning, maar wat duidelik was tydens sy lewe hier op aarde is dat God boonop hom beloon het deur hom weg te neem voordat hy fisies gesterf het. Dit was die effek van geloof in die lewe van Henog.

Die geloof van Noag (Heb 11:7)

Lees Heb 11:7. Lees ook Gen 6:5-9.

Uit Gen 6 is dit duidelik dat die boosheid op die aarde onder die ganse mensdom groot was in die dae van Noag. Gevolglik het God besluit om die mensdom van die aardbodem af uit te roei. Maar Noag het guns gevind in die oë van die Here. Gen 6:9 beskryf Noag as 'n regverdige man, onberispelik in sy optrede tussen sy tydgenote, en dat hy naby God geleef het. Ons ken die

geskiedenis van Noag: God het aan hom die opdrag gegee om 'n ark te bou. Die ark sou die instrument wees wat God sou gebruik om Noag en sy gesin te bewaar tydens die sondvloed wat God sou stuur, waardeur Hy die mensdom sou uitroei. Heb 11:7 vertel ons Noag het hierdie opdrag, wat nie gesien kon word nie, eerbiedig gehoorsaam. Natuurlik was dit 'n opdrag wat nie gesien kon word nie – die vloed het nog nie gekom nie, die vernietigende effek was nog nie sigbaar nie. Maar Noag kon dit sien – want hy het geloof gehad, en geloof laat gelowiges dinge sien wat nie gesien kan word nie, en dinge verstaan wat ander in die wêreld nie kan verstaan nie. Hy was eerbiedig gehoorsaam aan God, en het die ark gebou. Heb 11:7 sê deurdat hy die ark gebou het, het hy die wêreld veroordeel. Die feit dat hy die ark gebou het op droë grond voor die vloed, was 'n getuigenis teenoor die wêreld, wat hulle moes waarsku dat hulle hulle moet bekeer, wat hulle moes waarsku dat God se oordeel kom.

Was Noag oortuig dat God bestaan? Ja, anders sou hy tog nie die ark gebou het nie. Het Noag gedoen wat God behaag? Ja, immers het hy in eerbiedige gehoorsaamheid die ark gebou, immers sê Gen 6:9 hy was regverdig, onberispelik en het naby God geleef.

Wat was die beloning wat Noag ontvang het? Heb 11:7 noem twee belonings. Eerstens is hy en sy huisgesin gered tydens die sondvloed. Hulle is bewaar tydens God se oordeel oor die mense wat nie geglo het nie. Tweedens, het hy regverdiging ontvang deur die geloof – soos wat ons ook van Abel gelees het.

Opsommend:

Heb 11:6 het geleer dat as iemand geloof het, dan sal so 'n persoon oortuig wees dat God bestaan, en so 'n persoon sal God behaag – m.a.w. dit behoort uit die lewe van die persoon duidelik te wees dat hy God behaag deurdat hy doen wat God wil. Boonop gaan geloof in God gepaard met 'n beloning wat God gee. Ons het nou na drie persone gekyk – van aldrie, Abel, Henog en Noag, word getuig dat hulle glo. Is dit waar dat hulle aldrie oortuig was God bestaan en is dit waar dat hulle aldrie se lewens getuig het dat hulle God behaag het? Die antwoord is: Ja, dit is waar. Abel was oortuig God bestaan, want hy het 'n goeie offer vir God gebring waarin God behaag gehad het. Henog was oortuig God bestaan, want hy het naby God geleef t.p.v. die boosheid van die tyd waarin hy geleef het. So het God behaag in hom gehad. Noag was oortuig God bestaan, want toe hy die opdrag van God ontvang het om die ark te bou, het hy dit eerbiedig gehoorsaam. Boonop was hy regverdig, onberispelik en het naby God geleef. So het God ook in hom behaag gehad.

Aldrie het ook belonings van God ontvang: Abel is deur sy geloof regverdig verklaar. Henog het nie fisies gesterf nie, maar is deur God weggeneem. Noag se huisgesin is tydens God se oordeel gespaar, en hy is regverdig verklaar.

Wat moet ons nou hieruit leer? Die Hebreërskrywer het elkeen van hierdie drie persone geneem en vir ons gewys hoe hulle geloof 'n effek gehad het op hulle lewens soveel so dat hulle lewens God behaag het. Die effek wat geloof op hulle lewens gehad het, behoort ook die effek te wees wat ons geloof op ons lewens het. Trouens, die effek van geloof op ons lewens, behoort die kumulatiewe effek te wees van al die effekte op hierdie Ou Testamentiese gelowiges. Dit beteken vir ons die volgende:

- Soos wat Abel 'n offer gebring het waarin God behaag gehad het, behoort ons as gelowiges ook 'n offer te bring. Rom 12: 1 verduidelik vir ons: “Broers, op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig en vir God aanneemlik is. Dit is julle sinvolle godsdiens.”

- Soos wat Henog naby God geleef het, behoort ons as gelowiges ook naby God te leef. Rom 12:2 leer ons: “Julle moet nie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke, sodat julle goed kan onderskei wat die goeie en aanneemlike en volmaakte wil van God is.”
- Soos wat Noag bereid was om te midde van ‘n bese wêreld vir God te getuig deur openlik ‘n ark te bou, so behoort ons ook bereid te wees om teenoor die wêreld vir God te getuig. Jesus het in Mat 28:18-20 gesê: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”

Netsoos ons mag leer van die effek wat geloof gehad het op die lewens van die Ou Testamentiese gelowiges, mag ons ons ook verlustig in die kumulatiewe beloning wat hulle ontvang het:

- Soos wat van Abel en Noag getuig is dat hulle geregtig is deur hulle geloof, is dit steeds waar van elke gelowige vandag: deur ons geloof in Jesus Christus word ons geregtig – ons sondeskuld is reeds deur Hom gedra, en Sy gehoorsaamheid is reeds aan ons toegereken. In die geloof moet ons hierdie onsienlike heerlikheid, sien.
- Soos wat Henog nie die fisiese dood gesien het nie, maar met sy liggaam na die Here geneem is, het ons ook die verwagting dat die dood, ook die fisiese dood, finaal oorwin sal word en dat ons ‘n heerlike opstandingsliggaam sal ontvang. Lees 1 Kor 15:51-55.
- Soos wat Noag en sy gesin bewaar was in God se oordeel oor die bese mensdom, het gelowiges die verwagting om as beloning in die finale oordeel te mag hoor: “Mooi so, goeie en getroue slaaf, oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel” (Mat 25:21) en “Julle, geseëndes van My Vader, kom beërf die koninkryk, wat vir julle gereedgemaak is van die grondlegging van die wêreld af” (Mat 25:34).

Ten slotte, deur bloot na hierdie drie gelowiges te kyk, is dit ook duidelik dat daar sekere dinge is wat nie deel is van die beloning wat gelowiges kan verwag nie:

- Geloof waarborg nie ‘n lang lewe hier op aarde nie: Henog is op ‘n ouderdom van 365 weggeneem, ‘n baie jonger ouderdom as al die ander persone in die Gen 5 geslagsregister, wat in die meeste gevalle ouer as 900 jaar geword het.
- Geloof waarborg nie ‘n voorspoedige lewe hier op aarde nie: Abel is deur sy eie broer vermoor.
- Geloof waarborg nie ‘n gemaklike lewe hier op aarde nie: Noag moes ‘n ark bou op droë grond bou voor die oë van die wêreld.
- God waarborg nie dat almal wat in die geloof is, dieselfde lewens sal lei nie: Abel het ‘n wrede dood gesterf, Henog is deur God weggeneem. Abel se getuienisrol was grootliks teenoor sy broer, Noag moes teen die hele bese wêreld getuig.

Ek vat saam: Alle gelowiges moet ‘n God aanneemlike offer bring, alle gelowiges moet naby God leef, alle gelowiges moet getuig. Die detail van hoe dit in elkeen se lewe realiseer, mag egter van mekaar verskil.

Geliefdes, mag dit van ons waar wees: Dat ons in die geloof oortuig is dat God bestaan en dat ons daarna streef om Hom te behaag. En mag ons in opgewondenheid wag op die beloning wat wag vir al die gelowiges: ons kan ons nou alreeds verlustig in ons regverdigmaking, ons kan uitsien om tydens die finale oordeel bewaar te word, ons mag uitsien dat die dood finaal oorwin sal word, insluitend die fisiese dood.